

Die Everest van die Bybel

(3 van 3)



Doel Waarom

Luk 22:40 Toe Hy op die plek aankom, sê Hy vir hulle:
“**Bid** dat julle nie in versoeking kom nie.”

1 Tes 5:17 **Bid** gedurig.

1. So wys ons respek, oorgawe en erken ons eie afhanklikheid

Opb 3:20 Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.

2. So ontwikkel ons 'n verhouding met die Vader

Gen 1:26 Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers.

3. So word ons 'n vennoot in ewigheidsake

Matt 9:36-38 Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hy sê toe vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir Sy oes.”

4. So kry ons wat ons nodig het

Fil 4:6-7 Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

5. So word ons met die Heilige Gees vervul

Ef 5:18 Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul.

6. So word ons beraad

Jes 1:18 Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol.

GE
BE
ED

